

Maandag 6 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 12

Fokusgedeelte: Psalm 12:2 (1933/53-vertaling)

Tel jou woorde

Omstandighede onder die uitverkore volk van die Here lyk nie goed nie. Dit lyk of daar niemand meer is wat die waarheid liefhet nie. Dit lyk of dié wat in alle regverdigheid en geregtigheid die regte dinge wil doen, onder die mense uit verdwyn het.

Hierdie omstandighede word duidelik wanneer die mense eerder besig is om hulle naaste met mooi woorde te probeer vlei, maar agteraf is hulle besig om sy onreg te soek. Mense is besig om dinge te sê wat so goed klink, maar hulle optrede en dade weerspreek alles. In hierdie omstandighede roep Dawid dit uit: "Red, o Here."

Die Here alleen kan sy volk van hierdie onreg wat in hulle midde posgevat het, red, want Hy is die waaragtige en in Hom is daar geen leuens en geen onreg nie. Sy woorde is waarheid van geslag tot geslag en Hy is getrou aan al sy beloftes. Die redding van die Here word die duidelikste sigbaar met die koms van Jesus Christus. Die Here belowe tog dat Hy die regverdiges van die goddelose sal red.

Hy is immers die weg en die waarheid en die lewe. Meer nog, Hy is die Woord wat vlees geword het en onder ons kom woon het. Hy moes aan die een kant die vleitaal en die verskuilde motiewe van die Fariseërs en die Jode deurgaans om ons verlossing en redding te bring. Hy het die onreg van valse aanklagte en eindelijk die valse veroordeling van Pilatus gedra sodat ons gered kon word van die regverdige oordeel van die Here. Sy Woord het vir ons die redding gebring.

Hy het ons vernuwe sodat ons ook nou ons woorde sal tel. Nou het ons die opdrag om op onself te let en ons tong in bedwang te hou. Veral in hierdie tye wat dit lyk of daar niemand meer is wat regverdig is nie, is dit elke gelowige se opdrag om altyd die waarheid te soek. So kan ons in dankbare gehoorsaamheid opreg in hierdie lewe leef.

Sing: Psalm 145-1:1, 2, 3, 10

Ds. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)